

SARS se hoof van tegnologie wen Hoof Inligtingsbeampte van die Jaar-toekenning

Tshwane, 5 Desember 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) wens hul hoof van tegnologie en oplossingslewering (TSD), mnr. Intikhab Shaik, hartlik geluk met sy ontvangs van die presidentstoekenning van die Instituut vir Inligtingstegnologieberoepsmense van Suid-Afrika (IITPSA) as visionêre hoof inligtingsbeampte van die jaar.

Wat hierdie gesogte prestasie so noemenswaardig maak is dat mnr. Shaik se werk vergelyk is teen eweknieë in beide die private en openbare sektore. Die bepaling dat sy prestering ongeëwenaar is, en dat hy kop en skouer bo al die ander uitstaan, is testament tot die kwaliteit van sy tegnologiese leierskap. Dit was tydens die tydperk van covid-19 wat die genialiteit van mnr. Shaik en sy span die helderste geskyn het.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter, in kennisneming van die publiek se erkenning van mnr. Shaik, het uitgewys: *"Tydens die verskeie vlakke van inperking, het mnr. Shaik en sy span meer as 40 binneshuise digitale oplossings ontwerp en geïmplementeer wat SARS in staat gestel het om steeds sy dienste aan belastingpligtiges te lewer en om sy kern mandaat, wat die invordering van alle verskuldigde inkomste behels, na te kom. Die voortgesette bedrywigheid van SARS gedurende hierdie tyd, is meetbaar te danke aan die instaatstellende tegnologiese platforms wat deur die TSD-span, onder leiding van mnr. Intikhab, gebou is. Dit het meetbaar bygedra tot die funksionering van die land se ekonomie ten spyte van die ernstige beperkings wat tydens covid-19 ingestel is. Ons is geweldig trots op hierdie bydra en glo dat die publiek se erkenning welverdiend is.*

Die vermoë van SARS om datawetenskap, kunsmatige intelligensie en instaatstellende tegnologiese innovasie te gebruik, word beste gedemonstreer deur die implementering van outo-aanslae wat meer as 4 miljoen belastingpligtiges betrek het. Dit is ingevolge die strategiese oogmerk om nakoming maklik te maak vir eerlike belastingpligtiges, en terselfdertyd dit duur en moeilik te maak vir diegene wat die belastingstelsel wil bedrieg."

Die uitsonderlike prestasie van die TSD-span onder die voorbeeldige leierskap van mnr. Shaik, swaelt met SARS se uitkyk van die bou van 'n "slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit, vertrou en bewonder. Dit is in lyn met die kollektiewe oriëntasie van die organisasie, om sy bydra te ag as 'n uitsonderlike voorreg in die bediening van Suid-Afrika en al sy mense.

Wat hierdie erkenning bemoedigend maak is dat dit die fondasie lê vir SARS om 'n bedryfsmodel te ontwikkel wat gebaseer is op outomasie, insigte uit data, in 'n bemagtigende tegnologie-instaatgestelde bedryfsmodel. Die hoop is dat hierdie stelsel verder ontwikkel sal word tot die punt waar interaksie tussen SARS en alle belastingpligtiges en handelaars, digitaal, outomaties en vaartbelyn sal plaasvind.

Wat mnr. Shaik by SARS bereik het sedert hy 30 jaar gelede by die organisasie aangesluit het, spreek gepaslik tot sy vermoë om persoonlike en intellektuele bemeestering in sy veld te demonstreer. Dit spreek van sy uitsonderlike bevoegdheid in hoe hy sy span bestuur om te lei tot positiewe impak op sy persoonlike handelsmerk en die SARS-handelsmerk en -reputasie.

SARS is trots op mnr. Shaik se prestasies in voortdurende verbetering van die belangrike skakeling tussen die organisasie en belastingpligtiges en handelaars. Die erkenning wat hy ontvang het, bevestig klinkklaar dat rolspelers in die industrie kennis neem van SARS se pogings, nieteenstaande die finansiële beperkings wat die organisasie in die gesig staar. Hartlik geluk aan mnr. Shaik en die span.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.